## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Trevor | Haynes | 07/19 |
| Otillia | vd Bergh | 07/19 |
| Cerff | Verster | 07/19 |
| Merlé | Viljoen | 07/19 |
| Willie | Burger | 07/20 |
| Aletta | Fourie | 07/20 |
| Sarah | Smit | 07/20 |
| Marize | Stemmet | 07/20 |
| Yvonne | Bester | 07/21 |
| Annelien | Liebenberg | 07/21 |
| Wehan | Fourie | 07/22 |
| Antoinette | Uys | 07/22 |
| Riona | Swart | 07/23 |
| Laetitia | du Toit | 07/24 |
| Ina | Maartens | 07/24 |
| Pieter | Roux | 07/25 |

### BLAPSE IN KERK-PAMFLETTE

Volgende Donderdag is daar oudisies vir die kerkkoor. Kom gerus as jy niks aan het nie!

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

19 Julie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 19/7**
10h00 L'Agulhas
Sinodale Kollekte
Jeugwerk
**Dinsdag**
Skole open
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

Sondag 26/7
**10h00 Struisbaai**
Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte
A Brink

**KARAOKE** Alida Wood en Mat kom weer vanjaar die karaoke by ons aanbied. Stuur solank jou gunsteling lied (meld die kuns-tenaar(s) wat jy wil hê gebruik moet word en of dit 60s, 70s of 80s musiek is) vir Joanie by 0725193170. Oefen solank.

**NAGMAAL - NOODSPENS** Ons neem op 'n Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toilet-ware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons noodspens.

### Sinodale Deuroffer - JEUGWERK

Die NG Kerk se Kaapse Sinodes (hoofsaaklik die Sinode van Wes-Kaap-land, maar insluitend ook Oos-en Noord-Kaapland) fokus op die holistiese geloofs-vorming van kinders, tieners en jong vol-wassenes; dus in totaliteit. Dink-Jeug is die amptelike platform waardeur hierdie be-diening ondersteun, toegerus en gekoördi-neer word. Gemeentes gee finansiële ondersteuning om hierdie deurlopende netwerk te help finansier. Gemeentes en jeugwerkers kan gratis artikels, idees en videomateriaal kry op die amptelike Dink-Jeug - webblad. Die Kaapse Sinode se hoofkantoor is in Stellenbosch gesetel.

### LENTEBASAAR - 26 September

Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ALLERLEITAFEL. Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets vir die witolifanttafel. Moenie die boeke en goeie tweedekansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons OPWIPWINKEL - STALLETJIE in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word

### KOOR:

Geen oefening in Julie nie.

**TEKS VIR DIE WEEK:** Spreuke 3 : 5 - 6 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen, dan sal Hy jou die regte pad laat loop**.**

## Ons bid vir...

1. Ons jeug:
1.1 Bewaar hulle teen die aanslae van die lewe.
1.2 Vul hulle met wysheid en vrede.
1.3 Gee hulle die moed om vas te staan in geloof.
1.4 Lei hulle om 'n positiewe verskil in hulle gemeenskappe te maak.
1.5 Vrywaar hulle van boeliegedrag.
1.6 Gee hulle die krag en vaardighede om hulle werk te geniet en hulle beste te lewer.
2. Mense in nood en dié wat krisisse ervaar.
3. Elke lidmaat in ons gemeente en Chris-tene oraloor.
4. Al die projekte en funksies wat aangepak word.
5. Ons predikers, Kerkraadspan en ampte-nare.


### 'n VERSOEK VAN DIE AFLOSKOSTER

Enigeen wat die kerksaal gebruik, sorg asseblief dat alle ligte afgeskakel word. Maak asseblief seker dat u die toilet skoon los. Vriendelike groete. Marietjie Bruwer;

## Vir ons kinders

### Die Rooi Hennetjie

Daar was eendag 'n rooi hennetjie. Sy het 'n paar koringkorrels gekry en dit geplant en natgegooi. Dit het net so pragtig gegroei soos die geel canola in die Overberg! Toe sy die koring geoes het, het sy dit laat maal vir meel. Sy het 'n heerlike koek van die meel gebak. Al die diere op die werf het dit geruik en opgewonde nader gestap om daarvan te proe, maar... die rooi hennetjie het vir nie een van hulle van daardie heerlike groot koek laat proe nie. Sy en haar kuikens het die hele koek alleen op-geëet! Hoekom? Die rede daarvoor is dat nie een van die ander diere vir haar wou help met die plant, natgooi of oes van die koring nie. Nie die hond nie. Nie die kat nie. Nie die koei nie...NIEMAND! Wat leer ons uit hierdie storie? Help as jy kan. Nie om iets te verdien nie, maar soos die Engelsman sou sê:" You never know!"



## Doen & Deel

Welkom in hierdie ruimte waar God sélf jou innooi en begelei om meer bewustelik te leef. Dié maand fokus ons - op reis met ons sintuie - op die geskenk om te kan _proe_. Volgens die Ierse skrywer John O'Donohue is die smaaksintuig besonder subtiel en kompleks. Onder andere omdat ons met ons tonge proe én praat. Dalk lê die geheim juis by die verband tussen die twee...
Dink aan een of meer etes wat jy onlangs geniet het, en aan wat vir jou spesiaal was daarvan. Dink ook aan jou gunsteling smake en geure. Watter herinneringe roep dit by jou op? En wonder gerus oor hoe jou lewe sonder smaakorgane sou wees... Smaak is een van daardie sensasies wat in ons mo-derne wêreld maklik onderskat word. Baie van ons funksioneer onder soveel druk dat ons nie onsself die tyd en geduld gun om rustig (aan tafel) te sit en die kos wat ons eet te proe of die geskenk én die Bron van lewe bewustelik te vier nie. In ons haas-tigheid herken ons nie God se teenwoor-digheid as gasheer én eregas nie. Sien ons ook nie mekaar om die tafel - óf hulle wat honger ly - werklik ráák nie. Die hartseer van kitskos is dat dit dikwels sy natuurlike smaak en geur verloor het. Dat dit ons nie meer aan die eenvoud én misterie van lewe herinner nie. Helaas ook so met woorde. Baie van ons taal het kitstaal sonder smaak geword, sonder nuanse of verbeelding. Daarom maak dit sin om bewustelik voor en/of ná ete stil te word en

## Doen & Deel

ruimte te skep vir erkenning van die wonder van voeding. En toe te laat dat wat ons proe ons aan 'n dieper honger en dors herinner. Ons soos 'n wildsbok na die waterstrome van God se teenwoordigheid laat smag (Ps 42:2-3). Of soos pasgebore babas na die suiwer melk van die woord, noudat ons die goedheid van die Here gesmaak het (1 Pt 2:2-3). Liewe Beloftebos-vriendin, mag die "gewone" ritme van etenstye jou dié maand met 'n dieper bewussyn verras! Professor Elna Mouton het toestemming gegee dat ons hierdie boodskap in ons bulletin deel.

### DANKIE VIR:

1. Annamarie Judd (Leier: Projekte en Funk-siebestuur) en haar span wat so fluks woeker met verkope van pannekoek, jaffels en lewerkoekies vir ons gemeentekas.
2. Schalk Pienaar (Leier: Batebestuur) wat toegesien het dat die geute-projek by Struisbaaikerk voltooi is.
3. Marietjie Bruwer wat haar broccoli en raapblare so vrylik uitgedeel het.
4. Almal wat help mussies brei vir ons getuienis-uitreike.

KATTEBAKVERKOPE: Op Saterdag, 25 Julie, hou ons weer 'n car boot sale (vanaf 08h00, op die parkeerterrein by Struisbaai-kerk). ALLE items is welkom, van klere, bed-degoed, tot kombuisware. Jy is welkom om vir jou eie sak te verkoop. Jy betaal R50 vir 'n staanplek en dit gaan vir Diens van Barmhartig-heid. Kontak Marietjie Hansen by 08440 9472.